WEEK 32 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

SINODENUUS

BEDIENINGSBEGELEIDING

***#imagine 2019 Experiences*:** Jongmense in ons streek moet asseblief kennis neem van hierdie geleentheid wat **vanaf 29 tot 31 Maart 2019 gaan plaasvind**! Soos in die verlede, vind dit weer op dieselfde tyd in vier provinsies plaas, naamlik die Wes- en Oos-Kaap, Vrystaat en Limpopo. **Gemeentes, lidmate, skole en ouers word versoek om hierdie datums solank op hulle kalenders aan te bring.** Hou asseblief hierdie spasie dop, aangesien enige verdere inligting ook in hierdie nuusbrief, asook op die **NG Kerk Vrystaat se Facebook-blad** bekend gemaak gaan word.

WERKSWINKELS / KURSUSSE / KONFERENSIES

Caritas Terapie Sentrum bied aan: *MLNP Life Coach*-werkswinkel:

Datum: 29 Oktober 2018 tot 3 November 2018 in Kimberley
Aanbieder: Edgar Phillips *(Certified Neuro & Performance Coach | Imago Professional Facilitator | Master Brainspotting Therapist | Developer & Trainer of The MLNP™ Method)*
Het jy al ooit gewonder wat 'n *Life Coach* se werk is? Hoekom *life coaching* tans die tweede vinnigste groeiende industrie in Amerika is? - klik **hier** vir **volledige inligting** en **hier** vir die **registrasievorm**.

Pastorale Beradingskursus - Die impak van boelie op kinders en jongmense (praktiese en pastorale riglyne):

Hierdie kursus sal op **Saterdag 3 November 2018 te Potchefstroom** plaasvind en word deur die bekende prof Wentzel Coetzer aangebied. Klik **hier** vir meer besonderhede.

Opleiding - Mentors vir Geloofsreise:

Hierdie opleiding is geskik vir kategete, Sondagskoolonderwysers, jeugwerkers of persone wat in die Kerk met groepe kinders werk. Dit vind op **Saterdag 17 November 2018 vanaf 09:00 - 15:30** by die **NG Gemeente Bethlehem-Panorama** plaas. Vind al die **inligting, sowel as inskrywingsvorm hier - sluitingsdatum vir inskrywings is Dinsdag 13 November 2018 om 13:00.**

GEMEENTE NUUS

NG Fichardtkruin:

NG Bainsvlei:



ALGEMEEN

Handige Toeps (App's) om te help met jou geestelike lewe: Ds Mossie Mostert (PSD, Sinode Noord-Kaapland) publiseer weekliks in hul nuusbrief, handige inligting oor toeps wat jy en jou gesin kan gebruik ten opsigte van julle geestelike lewe. Ek het 'n lys van die vorige ses toeps wat reeds verskyn het saamgestel en sal soos wat daar nog verskyn, dit by hierdie lys voeg. Die toeps is die ***Ons Glo-toep***, die ***Bybel-toep in Afrikaans vir kinders***, die ***Real Lewe-toep***, die ***Liedboek (NG Kerk)-toep***, die ***You Version (Bybel op jou selfoon)-toep*** en die ***Pray as you go-toep*** - klik **hier** vir die lys.